

21 DESEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 149
FOKUSGEDEELTE: PSALM 149:1

Sing `n nuwe lied om God te eer!

In Israel is die lof aan die Here steeds verbind met sy reddende daade in die geskiedenis. Na die wonderbaarlike uittoeg uit Egipte is dit Moses en die Israeliete wat `n lied tot eer van die Here gesing het (Eks. 15:1 e.v.) Psalm 149 het as agtergrond ook bepaalde daade van die Here. Die volk was hulpeloos en terneergeboë onder die aanslae van hulle vyande. Die Here het hulle egter gehelp, aan hulle heil en oorwinning gegee. So het Hy ook sy oordeel laat geld oor die goddeloses. Wat doen hulle dan? Waartoe dring God se hulp, goedheid en liefde hulle? Hoe beantwoord hulle die genade en guns van die Here? Hulle sing vol blydschap `n nuwe lied waarin hulle die Here loof, eer en prys.

Dit sal wonderlik wees as ons elkeen vandag weer met nuwe oë na ons eie lewens kyk. Dink aan die afgelope paar dae. Wat het gebeur waarvan jy kan sê: Die Here het my gehelp in sy goedheid? Ek het sy liefde so duidelik beleef. Dalk kan jy sê: Die Here het my krag en beterskap gegee in my siekte. Die Here het my gedra deur `n moeilike skoolksamen. Die Here het my wysheid en selfbeheersing gegee toe die duiwel my versoek het. Die Here het my kalmte gegee in `n moeilike vergadering. Die Here het my opnuut in my hart verseker dat ek sy kind is. Nou kan jy ook vandag `n nuwe lied sing tot eer van die Here, want jy het opnuut sy liefdeshand so konkreet in jou lewe ervaar. Jy kan ook vorentoe kyk na die toekoms. Dan sal jy ook weer `n nuwe lied sing. Oor God se gunsgenote, sy kinders in hemelse heerlikheid – oor die mense word daar immers in Openbaring 15:3 gesê dat hulle `n nuwe lied sing daar voor die troon!

Sing: Psalm 40:2 (Totius)

Ds Wicus van der Vyver (Silverton)